Die Voortrekkers
Hoofleierswag/Presidentverkennertoekenning 2013

Geagte Dominee / Pastoor

Graag neem Die Voortrekkers die vrymoedigheid om u te vra om die getuigskrif te voltooi. Die onder genoemde kandidaat is 'n lidmaat van u Kerk en 'n senior jeuglid van Die Voortrekkers. Hy/sy is 'n moontlike kandidaat vir die hoogste toekennings wat 'n hoërskool Voortrekker kan behaal, naamlik Hoofleierswag of Presidentverkenner. Hierdie toekennings span die kroon op die kandidaat se betrokkenheid as jeuglid van Die Voortrekkers. Om te kwalifiseer vir genoemde toekennings moet die kandidaat aan sekere vereistes voldoen.

Daar word tussen 'n Hoofleierswag en Presidentverkenner onderskei deur die volgende definisies:

Hoofleierswag:
'n Hoofleierswag is 'n Verkenner met 'n bewese betrokkenheid by Die Voortrekkers en met 'n goed deurdagte kennis van die kurrikulum van Die Voortrekkers.

Presidentverkenner:
'n Presidentverkenner is 'n Verkenner:

- wat in die keuses wat hy maak bewys lewer daarvan dat hy ABC-begrond is;
- wat sy beginsels wat hy aanhang en uitleef vanuit 'n Bybels-Christelike lewens- en wêreldbeskouing laat voortspruit;
- wie se gesag as leier aanvaar word;
- waarvan die vier fasette van sy menswees (verstand, gees, gevoel en liggaam) in balans is en wat groei toon in die ontwikkeling daarvan.

Aangesien Christenskap, Burgerskap en Afrikanerskap in Die Voortrekkers ons prioriteit is, is die inligting in die getuigskrif baie belangrik. Ons versoek u vriendelik om die onderstaande vorm volledig te voltooi en soveel moontlik inligting aan Die Voortrekkers te gee in verband met die betrokke kandidaat.

Die Voortrekkers is bewus daarvan dat net God in die finale instansie oor 'n persoon se Christenskap aldan nie kan oordeel. Dit gaan vir ons by die toetspunt bloot oor die kandidaat se vermoë aldan nie om dit wat hy/sy glo en voel oor Christenskap onder woorde te bring, op so 'n manier dat hy/sy iemand anders sal kan oortuig van sy/haar standpunt, met ander woorde sy vordering ten opsigte van sy geestelike ontwikkeling in sy persoonlike leierskap.

U insette word waardeer en sal as vertroulik hanteer word. U mag onder GEEN omstandighede die voltooide vorm aan enige persoon gee sonder dat dit in 'n geseëlde koevert geplaas is en u besonderhede daarop aangebring is vir kontrole doeleindes nie. Maak asseblief seker dat die volgende inligting op die koevert aangebring word:

- Naam en van van kandidaat
- Instansie wat die getuigskrif voltooi – Kerk
- U naam en van
- Datum waarop die getuigskrif voltooi is

Teken asseblief op die agterkant van die koevert oor die seël.

Ek dank u byvoorbaat vir u samewerking in die verband.

Vriendelike groete

Ds. Willem Petzer
Adjunkhoofleier: Verkennersake

Die Voortrekkers

HW/PV proses 2013

Getuigskrif ingevul deur 'n verteenwoordiger van die kerk

Naam en van van die kandidaat: _____

Beoordeel asseblief die kandidaat deur 'n kruisie in die ooreenstemmende blokkie te maak. Gebruik die volgende evalueringskaal:

4 = Uitstekend
3 = Goed
2 = Swak
1 = Onaanvaarbaar

Gesagsaanvaarding	**4**	**3**	**2**	**1**
Integriteit / Betroubaarheid	**4**	**3**	**2**	**1**
Sedelike gedrag (Gewoontes van rook, drank, dwelms of seksuele gewoontes)	**4**	**3**	**2**	**1**
Vermoë om groepsdruk te hanteer	**4**	**3**	**2**	**1**
Betrokkenheid in die Gemeente	**4**	**3**	**2**	**1**

Sou u sê die kandidaat is op hierdie stadium van sy/haar lewe 'n: | sterk leier | volgeling |

Enige addisionele inligting (positief of negatief) wat u onder die evalueringspaneel se aandag wil bring:

_____

_____

_____

_____

_____

Sou u die kandidaat onvoorwaardelik aanbeveel vir so 'n prestige toekenning? _____
Indien nee, noem asseblief spesifieke redes onder addisionele inligting.

Persoonlike besonderhede van die persoon wat die getuigskrif voltooi:

Naam en van: _____

Hoedanigheid: _____

Kontaknommer: _____

_____ _____

Handtekening Datum